basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**KWAZULU-NATAL**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

**NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: KORTVERHALE

## VRAAG 1*: LUGSPIEËLINGS* – Myicelie Pienaar

## VERHAAL A: "LUGSPIEËLING"– Jackie Wolvaardt

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (In) Blomvlei | 1 |
| 1.2 | Beth | 1 |
| 1.3 | • (die) rave<br>• 'n dansplek/klub<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.4 | C/baie seker was dat sy sukses sou behaal. | 1 |
| 1.5 | klanknabootsing | 1 |
| 1.6 | • Buster het vir Rosina 'n vreemde drankie gegee.<br>• Rosina en Buster het tot vroeg die volgende oggend gedans.<br>• Rosina het uitgepaas.<br>• Rosina het in 'n vreemde kamer wakker geword.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.7.1 | D/... het die hele tyd vir Rosina geleer dat 'n mens gestraf word as jy die verkeerde dinge doen. | 1 |
| 1.7.2 | A/... het altyd gesê dat 'n mens net sukses behaal as jy hard werk. | 1 |
| 1.7.3 | E/... het Rosina gereed gekry vir die oudisie. | 1 |
| 1.7.4 | B/... het vir Rosina gesê dat hierdie nie die regte manier was om haar drome waar te maak nie. | 1 |
| 1.8.1 | bekommerd oor | 1 |
| 1.8.2 | net gebruik om geld te maak | 1 |
| 1.9 | sy tante | 1 |
| 1.10.1 | Rosina het ...<br>• saam met 'n vreemdeling gegaan/Buster nie goed geken nie.<br>• baie bekommernis vir haar ouers veroorsaak.<br>• moeite vir ander mense veroorsaak.<br>• haar lewe/toekoms in gevaar gestel.<br>• die risiko geloop om by misdaad betrokke te raak/in die tronk te beland.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10.2 | Meneer du Patsi ...<br>• het kalm/rustig gebly/Rosina mooi hanteer.<br>• het nie met Rosina geraas/baklei/haar verwyt nie.<br>• was 'n bekende gesagsfiguur in Rosina se lewe.<br>• het omgegee vir die kinders van sy skool.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.11 | • Dit maak die karakters geloofwaardig.<br>• Dit pas by die tipe karakters/soort mense.<br>• Dit wys dat hulle uit 'n laer klas is.<br>• Stadsmense praat so.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | Rosina ...<br>• is veilig/uit 'n gevaarlike situasie gered.<br>• het besef hoe gelukkig sy is.<br>• het goeie lesse geleer.<br>• het anders na haar eie/bekende wêreld gekyk.<br>• het verander/haar eenvoudige lewe waardeer.<br>• het meneer Du Patsi se hulp waardeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "SOLDATE IN WIT KLERE" – Hannah Bell**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.13 | (Daar was 'n) oorlog. | 1 |
| 1.14 | Koelkamers | 1 |
| 1.15 | Nevil ...<br>• se oë het diep in sy kop gesit.<br>• se vel was grys/was bleek.<br>• het koors gehad/was rooi in sy gesig.<br>• het ('n vreeslike) hoofpyn gehad.<br>• het pille gedrink, maar nie beter geword nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.16.1 | Fort Victoria | 1 |
| 1.16.2 | landmyn/bom | 1 |
| 1.16.3 | malaria | 1 |
| 1.16.4 | hospitaal | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17.1 | E/Hy het altyd 'n oplossing vir elke probleem gehad. | 1 |
| 1.17.2 | C/Hy het hard gewerk en nie gekla nie. | 1 |
| 1.17.3 | A/Die weermag het nie geweet dat oom Labu alleen op die plaas was nie. | 1 |
| 1.17.4 | D/Hy moes vir die kaptein wys waar hulle die vorige aand was. | 1 |
| 1.18 | Oom Labu het 'n paar ligte aangeskakel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.19 | D/baie rustig en goed geslaap het. | 1 |
| 1.20.1 | verbaas | 1 |
| 1.20.2 | dankbaar | 1 |
| 1.21 | Die engele het oom Labu beskerm/veilig gehou.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.22 | • As oom Labu by sy buurman was, sou hy ook in die aanval gewees het/dalk gesterf het.<br>• Oom Labu sou die aandklokreël verontagsaam het.<br>• Die vryheidsvegters kon moontlik die hele plaas en die diere vernietig het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.23 | Oom Labu het ...<br>• Neville se gesondheid bo sy eie lewe geplaas.<br>• sy eie lewe in gevaar gestel ter wille van ander.<br>• alleen op die gevaarlike pad teruggery plaas toe.<br>• teruggery om die werksmense te betaal.<br>• teruggery om seker te maak die beeste is in hulle slaapkampe gejaag.<br>• erken dat hy foute gemaak het toe hy gebid het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.24 | Die skrywer noem/beskryf ...<br>• hoe bang oom Labu/die inwoners was.<br>• die swaarkry van Zimbabwe se mense.<br>• hoe die inboorlingdorpies/sendingstasies/plase aangeval en afgebrand is.<br>• die landmyne/aanvalle op motoriste/hinderlae.<br>• wat die mense alles moes doen om veilig te bly (klokreël/Agric-Alert/nie alleen op plase slaap nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**TOTAAL: 40**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 2: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | • Lucky se prokureur het hom by Wilma afgelaai.<br>• Lucky wou nie sy sak in die stoorkamer gaan hang nie.<br>• Wilma het Lucky gedreig om hom weg te stuur.<br>• Lucky het Binki oor haar naam gespot.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)*<br>*(Indien die kandidaat 'n gedeelte van 'n gebeurlikheid uitlaat, sien ons dit as 'n oorskryffout, solank die gebeure op die regte plek is)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.2.1 | Lucky het ...<br>• na Binki se kontakte ('contacts') gekyk.<br>• Sabrina se naam (op Binki se foon) na "Ma" toe verander.<br>• sy eie naam en nommer op Binki se foon ingetik.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.2.2 | • Lucky se ma het hom geleer dat dit verkeerd is om volwassenes/ ouers op hulle name te noem.<br>• Lucky se ma het hom anders geleer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.3 | Sy het gesê ...<br>• "Ma" laat haar oud voel.<br>• haar vriende het vir haar gelag.<br>• haar werknemers moet haar respekteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4.1 | huise | 1 |
| 2.4.2 | sakevrou | 1 |
| 2.5 | Saterdag | 1 |
| 2.6 | D/dit wat hy verkeerd gedoen het, nie so erg was nie. | 1 |
| 2.7.1 | B/... het Lucky laat besef dat hy verkeerd optree. | 1 |
| 2.7.2 | A/... was klein en baie spelerig. | 1 |
| 2.7.3 | E/... was kalm en mooi met kinders. | 1 |
| 2.7.4 | C/... se dood het Wilma laat besluit om mense te help. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.8.1 | • Sy het brandwonde opgedoen/seergekry.<br>• Haar ma het vir haar letsels gegril/wou nie saam met haar bly nie.<br>• Haar hondjie is dood.<br>• Sy het skool verlaat.<br>• Sy het skuldig gevoel dat sy nie Dukie se lewe gered het nie.<br>• Sy het gevoel/ervaar wat dit is om iets te verloor (verlies ervaar).<br>• Sy het haar huis verloor.<br>• Binki was so getraumatiseer dat sy glad nie selfvertroue gehad het nie.<br>• Sy was skaam/sku vir mense en bang vir diere.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.8.2 | Lucky het ...<br>• goeie lesse geleer/geleer dat hy verkeerd opgetree het.<br>• geleer om diere/ander mense te respekteer.<br>• geleer dat hy nie kon doen en sê wat hy wou nie.<br>• nuwe vriende gemaak.<br>• geleer dat hy nie die enigste een is wat swaarkry nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan net algemeen noem dat hy goeie lesse geleer het of spesifieke lesse noem.)* | 1 |
| 2.9 | Die lelike woorde ...<br>• sê vir die leser hoe Lucky voel.<br>• pas by/versterk/bevestig Lucky se gevoelens.<br>• maak Lucky se karakter geloofwaardig.<br>• pas by Lucky se karakter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.10 | • Lucky en sy ma was arm en kon nie troeteldiere aanhou nie.<br>• Lucky het nie saam met diere grootgeword nie.<br>• Lucky het nie as kind die kans gehad om na troeteldiere om te sien/troeteldiere te versorg nie.<br>• In Lucky-hulle se huis was daar net geld vir die nodigste goed en hy kon nie verstaan dat mense soveel geld aan troeteldiere bestee nie.<br>• "Ons het nie geld vir 'n pop wat net vreet en piepie nie"<br>• Hy kon met niemand (daaroor) praat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.11.1 | boontjies | 1 |
| 2.11.2 | vriende/maats | 1 |
| 2.11.3 | • ryk varke<br>• ryk rotte<br>• ryk boude<br>• ryk/spoilt brats *(soos in die drama)*<br>• stinkrykes<br>• bedorwe bôggers<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.11.4 | olie/leerolie | 1 |
| 2.12.1 | • (Op Wilma se) perdeplaas/perdryskool<br>• Silwerkloof (Stalle) *(aanvaar indien kandidaat Silverkloof skryf)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12.2 | Die magistraat/landdros/hof/prokureur<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.13 | Lucky/Hy moes ...<br>• die stalle uithark/skoonmaak/vuil strooi uitvee.<br>• vars strooi/nuwe gras/skoon strooi insit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.14 | sarkasties | 1 |
| 2.15 | • Lucky se ma moes soggens vyfuur/vroeg al opstaan om die bus werk toe te haal.<br>• Sy ma moes 7 blokke stap om by die bus(halte) te kom.<br>• Sy moes baie ver met die bus ry om by die werk te kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.16.1 | min | 1 |
| 2.16.2 | het nie omgegee wat hy sê nie | 1 |
| 2.17 | B/daar elke dag probleme in sy lewe was. | 1 |
| 2.18.1 | C/Wilma het gesukkel om Lucky se negatiewe houding te verander. | 1 |
| 2.18.2 | E/Binki het sekere werkies gekry om te doen. | 1 |
| 2.18.3 | A/Gestremdes kon die ervaring van perdry ervaar. | 1 |
| 2.18.4 | D/Binki het nie na 'n skool toe gegaan nie. | 1 |
| 2.19 | • Binki was haar verantwoordelikheid.<br>• Sy kan nie haar verantwoordelikheid op iemand anders afskuif nie.<br>• Sy het Binki hartseer gemaak.<br>• Na die tragiese voorval moes Binki se ma haar dogter versorg het/'n huis voorsien het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.20 | • Binki kon alleen wees.<br>• Binki het daarvan gehou om alleen te wees.<br>• Wilma het vir haar omgegee.<br>• By Wilma het sy vriende gemaak met Lucky en die perde.<br>• Sy het geleer om haar man te staan teen haar ma.<br>• Sy het vrede gemaak met die probleme in haar lewe.<br>• Wilma het vir Binki dinge/werkies gegee om te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.21 | Ek het geleer dat 'n mens ...<br>• nie dinge moet aanneem/aanvaar/sê as jy nie seker is van die feite nie/nie moet oordeel nie.<br>• moet dink voor jy praat.<br>• moet seker maak van jou feite.<br>• nie seerkry/woede/pyn as verskoning vir aggressiewe gedrag/ lelike optrede kan gebruik nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.22 | • Die drama eindig positief/op 'n ligte noot.<br>• Daar was harmonie tussen al die karakters.<br>• Almal is gelukkig.<br>• Lucky en Binki het vriende geword.<br>• Lucky en Binki het geleer om hulle omstandighede te aanvaar.<br>• Binki was nie meer so teruggetrokke/skaam/bang vir alles nie.<br>• Lucky was nie meer so kwaad nie.<br>• Lucky het verskillende lewenslesse geleer.<br>• Lucky was nie meer wreed teenoor die diere nie./Lucky het liefde vir die diere ontwikkel.<br>• Lucky het geleer om vergifnis te vra.<br>• Lucky doen sy werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| |
|---|
| **TOTAAL: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 40** |

*Kopiereg voorbehou*